# MONNIE GONS
## *Monnies Presteer*

Uitgawe 7 van 2024 | Tydperk: 29 Febraurie - 6 Maart




**TENNISLIGA KWARTAAL 1 2024**

Baie geluk aan elke speler en span met julle uitslae van 26 Februarie. Ons is trots op julle. Dankie dat julle elke week so getrou oefen.

| Span | Liga | Opponent |
|---|---|---|
| Seuns Oop A | L/s Pretoria- Oos | Wen 33 - 22 |
| Seuns Oop B | Midstream Ridge | Verloor |
| Seuns Oop C | L/s Wierdapark | Wen 31 - 24 |
| Seuns o/11 A | L/s Elarduspark | Verloor |
| Dogters Oop C | Irene | Wen 43 - 12 |
| Dogters o/11 | L/s Pretoria-Oos | Wen 35 - 20 |

## ATLETIEK

Monnies vaar uitstekend by die Atletiek Distriksbyeenkoms. Baie geluk met julle mooi prestasies Monnies. Julle het met oorgawe deelgeneem en julle beste gegee.

Uitslae:

- Jemi Uys behaal 'n derde plek in die 1500m
- Carter van Niekerk behaal 'n eerste plek in Gewigstoot
- Sebastian Wolff behaal 'n derde plek in sy 100m lopie
- Jané von Wielligh behaal 'n vyfde plek in Verspring
- Jannes Barnard behaal 'n eerste plek in Diskus met 'n nuwe rekord en 'n derde plek in Gewigstoot
- Emma Vorster behaal 'n eerste plek in die 100m en 'n eerste in die 70m Hekkies

Baie geluk aan ons drie atlete wat deurdring na die Gauteng Kampioenskappe:

- Carter van Niekerk
- Emma Vorster
- Jannes Barnard

Ons is baie trots op julle!



# GAUTENG BMX PROVINSIALE WEDREN 3

Leeam de Bod, graad 4, en Ruvan de Bod, graad R, het albei hierdie naweek deelgeneem aan die Gauteng BMX Provinsiale Wedren 3 en 4 wat by die BMX-baan in Alrode, Alberton aangebied is.

Leeam behaal 'n tweede plek vir beide wedrenne in die seuns 10 jaar oud kategorie en Ruvan behaal 'n tweede plek vir beide wedrenne in die seuns 6 en onder kategorie.

Die volgende groot wedren is die Gauteng Kampioenskap wat op 17 Maart sal plaasvind. Beide Leeam en Ruvan sal deelneem aan die eerste, tweede en derde been van die SA Beker wat die 22 tot 24 Maart plaasvind.










